



Sesde uitgawe
2018

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

The word Koeda is Japanese and means: ‘Graceful branch’. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur

Beste Bonsai Vriende

Ek lees dat Engeland onlangs ’n “Minister of Loneliness” aangestel het om ondersoek in te stel na die sosiale epidemie van mense (veral ou mense) wat vereensaam. Daar is meer mense op aarde as ooit tevore maar mense sukkel met vriendskappe en verbintenisse en om meningsvolle gesprekke te kan voer. Navorsing wys dat ’n kwart van Amerikaners nie ’n enkele “confidant” het wat hulle vertrou en veilig voel om oor persoonlike sake te praat nie.....hartseer!!

Die mooi boodskappe op die “wattsapp” groep na die afsluiting wys hoe ‘ons’ nog die saamwees van kuier en braai en gesêls geniet. Ons moet dit nie verloor nie en daarom is ons Kai se geleenthede vir baie lede van groot waarde.

Die feestyd wat nou voorlê is ook ’n tyd vir saamwees met geliefdes en vriende. Ryk ook uit na eensames wat nie die voorreg het nie.

Geseënde Kersfees!

Jaco



Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Vergadering 3 November	3
Terugvoering	12
Vergadering 1 Desember	13
Kalender	16
Snippets	17
Reklame	18
Sorg skedule	19

Selfs jong mense bly liever in hul woonplek as om uit te gaan en te sosialiseer. Die bestel van pizza wat afgelewer word, rekenaar speletjies, fliks op rekenaar, internet...als met die druk van ’n paar knoppies maak dat die mensdom wegskram van interpersoonlike kontak en kan lei tot allerhande fisiologiese en psigologiese probleme.

Sonder dat die mensdom daarvan bewus is maak dit ons al hoe eensamer. Dit maak dat mense wegskram van interpersoonlike verhoudings, dit is net te veel moeite.

When you like a flower, you just pluck it. But when you love a flower, you water it daily.

Briewebus / Vra is Vry

Wanneer daar by die uitstalling diens gedoen word is een ding wat lede baie tyd voor het om bome te 'evalueer'. Of is dit kritiseer? So het daar twee lede (sal maar nie die name noem nie) vir Org gevra of hy sou oorweeg om die linkerkantste wortel van sy wenboom dalk af te sny. Hulle gevoel was dat die boom (nog) mooier sal lyk sonder die wortel. Maar hoe weet mens nou.....? Sny jy hom af en hy lyk nie beter nie wat dan?



Jy kan hom natuurlik, soos onder, 'afsny' deur met 'n foto te speel. Onder is die boom met en sonder die wortel. Wat dink julle?



Onder 'n paar boodskappies wat op die "WhatsApp" groep was na die afsluiting.

DANKIE VIR DIE SLAAI EN POEDING
JULLE. DIT WAS N LEKKER MID-
DAG. EK DINK DIE KALENDER IS
AMAZING. DIE WAT NOG NIE EEN
GEKOOP HET NIE MIS UIT.
CHRISTA

Hallo almal van die Kai, voorsitter
inkluis. Baie dankie vir 'n wonderlike
middag. Die kos, die nagereg. Die
braaiers en **ALMAL WAT SO LEKKER**
SAAM GEKUIER HET. Julle is amazing.
Marie

Die mense was lekker om saam te
kuier. Die kalender uit die boonste
rake. Dankie almal.
Jakkie

Dankie almal. Ek kuier altyd so lekker
saam julle klomp.
Vorster

Ek stem saam. Julle sal maak dat ons dit elke maand doen.
Johan

Vergadering van 3 November 2018

'Tip of the month' - Deur Carl de Beer

Vertoning van sterk wortels wat goed om die boom versprei is, is belangrik vir 'n bonsai boom. Om dit reg te kry word nuwe bome wat net uitgehaal is of uit kwekery sakke kom bo op 'n plank of harde plastiek in die grond geplant sodat die wortels horisontaal uitsprei. By Pieter het ek geleer dat om 'n boom op 'n groot teël te plant net so goed werk. Die plank het die voordeel dat die wortels in posisie gehou kan word deur hulle versigtig met spykers in posisie te hou.

Ek het gesukkel om 'n plank of teël in 'n klein "training pot" te gebruik. Om 'n vierkantige ding in 'n ronde pot te pas werk nie lekker nie. Hannes, het ek opgemerk, gebruik (ou) C.D.'s.

Om my "probleem" te oorkom het ek begin om deksels van 1kg ronde margarine potte of die plastiek deksels van 5kg koffie blikke te gebruik. Dit pas mooi in die klein "training pots" en is maklik om gate in te maak.



Na die boom uit sy sak gehaal en terug gesnoei is versprei ek die wortels op die deksel soos ek dit wil hê, maak dan gate aan weerskante van die verspreide wortels en maak hulle liggies vas met draad of "cable ties". Die draad of "cable ties" word deur die gate aan weerskante van die wortels geryg en die wortels word dan liggies, net om hulle in plek te hou, vasgemaak.

Ek plant dan die boom en deksel bo op grond in die pot. Wortels wat oor die deksel steek word versigtig onder die deksel ingevou sodat hulle onder die deksel in grond geplant kan word. Lug word, soos gewoonlik, met 'n stokkie uitgewerk. Die plastiek deksel anker ek met draad aan die "training pot". Grond word dan bo op die wortels en deksel gegooi en tussen die wortels ingewerk. Dit is belangrik om die deksel aan die pot te anker want die deksel is so vlak dat, as hy nie geanker is nie, die boom maklik omval.

Hierdie metode beoefen ek nou vir twee seisoene sonder enige ongevalle.



Nebari (root-flare): - A very important aspect of a bonsai is its Nebari. The surface roots that provide visual balance to a tree.

Vergadering van 3 November 2018 - Mini uitstalling



Links: Louis het hierdie Huilboerboon (*Schotia brachepetala*) 10 jaar gelede by 'n kwekery in 'n swart sakkie gekoop.

Regs: Louis het hierdie *Nuxia congesta* (Gewone Vlier) so jaar gelede by 'n kwekery in 'n swart sakkie gekoop.



Regs: Hierdie is 'n Karoo-boerboon (*Schotia afra*) wat Louis so agt jaar gelede by 'n kwekery in 'n swart sakkie gekoop het.



Links: Willie vertel dat hy in 1995 'n paar Kremetart (*Adansonia digitata*) saadlobbe by 'n seuntjie langs die pad by Chipese Musina gekoop het. Hy het so 100 van die sade ontkiem gekry waarvan hy deur die jare baie weggee het. Hierdie boom het die beste ontwikkel as bonsai, dus so 24 jaar oud van saad. Die foto links bo is soos die boom by ons skou gelyk het.



Vergadering van 3 November 2018



Vergadering van 3 November 2018

Die tema van die vergadering het gehandel oor die Kremetart as bonsai en is deur Org Exley aangebied.

Alle foto's deur Louis van Wyk



KREMETART

VAN SAAD TOT BOOM

SPESES

- 1 Adansonia digitate- Afrika
 - 2 Adansonia kilima- Afrika
 - 3 Adansonia gregorii- Australia
 - 4 Adansonia grandidieri- Madagascar
 - 5 Adansonia madagascariensis- Madagascar
 - 6 Adansonia perrieri- Madagascar
 - 7 Adansonia rubrostipa- Madagascar
 - 8 Adansonia suarezensis- Madagascar
 - 9 Adansonia za- Madagascar
-

Vergadering van 3 November 2018

ANDER NAME

1. Tree of life
2. Cream of Tarter tree
3. Monkey bread tree
4. Upside down tree

BESKRYWING

Die Kremetart kom in warm droë dele van die land voor.

Die stam is veselagtig en die jaarringe is moeilik om te sien. Word gesien as die grootste vetplant.

Die boom blom in die nag waar dit groot wit blomme lewer.

Dit is 'n bladwisselende boom, kan 3000 jaar oud word en bereik 'n hoogte van **±28 meter**.

Die bome stoor baie water in hul stamme. Groot bome kan tot 120 000 liter stoor wat 80% van die totale boom uitmaak.

Die sade het verskillende vitamienes in hulle maar is veral hoog in vitamien C.

Die blare en sade het verskeie medisinale waardes.

Die vesel van die boom word gebruik om matte en toue te maak.

PLASING VAN BONSAI

Die bome moet in somer in vol son geplaas word.

Wanneer dit koud begin word moet die bome teen die koue beskerm word.

Myne word onder 'n oop afdak geplaas met 'n weste muur om die wind te keer.

Party kwekers haal die bome uit die grond en berg die bome so in hul motorhuise.

Ongelukkig droog al die fyn wortels uit met hierdie proses.

Vergadering van 3 November 2018

BENATTING EN VOEDING

Wag dat die bome begin bot dan kan jy geleidelik die bome begin water gee. Sodra hulle sterk groei kan jy hulle daagliks water gee.

Sodra die blare begin geel word en afval hou jy op om water te gee.

Dit hang af van waar jy bly. In die warmer dele van die land gee hulle regdeur die jaar water.

Gee voeding maandeliks. Mis kan gebruik word.

OORPLANTING EN SNOEI

Kremetarte hoef nie so gereeld oorgeplant te word nie. Wanneer hulle wel oorgeplant moet word en die wortels teruggesny moet word moet die snyplekke behandel word met Blomswael en dan gelos word sodat die wond uitdroog voordat dit weer geplant word. Dit kan begin Augustus gedoen word. Wanneer hy begin bod kan jy hom plant. As die boom te gou geplant word kan jy wortel vrot optel en die boom verloor.

Enige snoei merke op die boom seël redelik vinnig omdat die bas nie hoef oor te groei nie, die sagte hout vorm vanself weer bas.

Los takke om te groei totdat die verlangde dikte bereik word voordat dit terug gesnoei word.

STYLERING

Wanneer Kremetarte gestyleer word is daar verskillende metodes wat gebruik kan word. Dit help nie om die boom te bedraad en te verwag dat die takke op hul plekke sal bly wanneer die draad verwyder word nie.

Die een manier is om kepe in die stam of takke uit te sny en dan dit te buig sodat die kepe toemaak. Bedraad dit om dit in plek te hou.

Vergadering van 3 November 2018

'n **Ander manier is om** 'n skerp mes te vat en die tak onder te sny waar dit uit die oog is. Bedraad dan die tak en plaas dit waar jy dit wil hê. Die wond sal dan toegroei en die tak hou waar jy dit geplaas het.



VOORTPLANTING

Daar is verskillende maniere om Kremetart te kweek.

Eerstens deur middel van saad. Neem die vrug en breek die harde dop oop. Verwyder die saad en plaas dit in water. Was die wit poeier af tot die saad **skoon is. Plaas die sade in 'n beker en gooi kook water oor dit uit. Los in die water tot dit afgekoel het.** Haal die sade uit die beker en skuur hulle aan die kant tot die wit deurskyn. Plaas die sade in die plantbak gevul met bonsai grond en maak dit toe met grond. Gee water en plaas in die son.

Vergadering van 3 November 2018


Tweedens kan mens stiggies plant in die lente. Smeer Blomswael op die deel **wat onder die grond kom en laat dit droog vir 'n week of twee. Plant dan in grond wat goed dreineer. Hou die grond aan die droë kant.**



INENTING

Daar is maniere om jou boom te verbeter deur takke in te ent. Neem 'n skerp boorpunt wat 'n klein bietjie kleiner is as die tak wat jy wil inent. Boor die verlangde diepte gat. Neem die tak en krap die bas op die deel wat in die gat ingaan, druk die tak dan in die gat sover as wat dit wil ingaan. Seel die kante van die gat.

'n Ander manier is soos hulle in engels sê, "approach graft". Hol die deel op die boom uit waar jy die tak of wortel wil inent en maak die deel op die ander deel wat jy wil inent skoon. Plaas die twee dele inmekaar en bind dit vas sodat dit nie kan beweeg nie.



Vergadering van 3 November 2018

Wanneer 'n mens oorplant en jy verwyder dik wortels kan die wortels gebruik word om nuwe bome te vorm. As jy die wortels plant sal hulle nie bot nie, jy moet 'n tak inent. Neem die tak en sny die oppervlakte plat. Sny dan 'n diep V in die wortel gedeelte. Sny 'n skerp punt onderaan die tak sodat dit in die wortel basis pas. Druk die tak in die V in sodat dit gelyk is met die kant. Jy kan meer as een tak daarin inent. Bind dit vas.

PESTE

Daar is nie baie peste wat die kremetart aanval nie.

Meeltor (mealybug), lyse, spinnekop miet (spider mite) en swamme (Fungus gnats)



Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkelbome

By die vergadering van 7 Junie 2014 het Dr Francois van As ons geleer hoe om bome te stileer deur die rekenaar en ons tekenkuns te gebruik. Na Francois se aanbieding het 'n paar lede wat bome gevat het prakties ge oefen wat Francois ons geleer het.

Jeanette de Beer was een van die lede wat haar boom, 'n Wilde vyttjie, geteken het van hoe sy hom in die toekoms gesien het.

Onder is Jeanette se boom en die skets wat sy gemaak het op 7 Junie 2014. Die foto's was in die derde uitgawe van 2014 van die Koeda gewys.



Soos baie dinge in die lewe, verander mens dikwels van plan. En in bonsai dwing die boom se groei jou ook om van plan te laat verander. Jeanette se boom het sedert Junie 2014 tot nou in 'n "Cascade" verander. Jeanette het die boom by die skou uitgestal, foto onder links. Regs is Jeanette met haar boom afgeneem op 1 Desember. Sedert die skou het Jeanette die boom ontblaar. Watter kant van die boom is nou voor.....??



Vergadering van 1 Desember 2018

Dit was ons afsluiting en ons het sommer lekker aan 'n paar bome gewerk en natuurlik gebraai en heerlik geëet aan die slaai en VERAL poedings wat verskaf is deur lede.



Vergadering van 1 Desember 2018



Vergadering van 1 Desember 2018



By die vergadering is ons groter en beter en mooier kalender vir 2019 uitgegee. Daar is ook vir 2019 'n "desk" kalender wat baie gewild blyk te wees.

Ons groot dank aan **Tharina du Preez** wat die ontwerp gedoen het. Die moeilikste was om Tharina te kon kry om saam met haar kalender te poseer vir 'n foto.....ai party mense is nederig..... en kamera sku....



Ag asseblief een ou fototjie.....



amper.....



Ditsem !!!

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Januarie en Februarie?

Hierdie is van ons warmste maande met sonnige dae wat maklik ons bonsai kan uitdroog. Indien moontlik, mag dit nodig wees om tweemaal per dag water te gee, veral kleiner bonsai. Al die watergee gaan die voedingstowwe laat uitloog en dit is belangrik om dit terug te plaas. Vloeibare voedingstowwe kan 'n goeie idee wees. Die toediening van bemesting kan teen Februarie verminder word aangesien die boompies nou aan die einde van die groeiseisoen is en dit nie meer nodig is om groei aan te moedig nie. Die boompies gaan minder stikstof (N) nodig hê en meer potas (K) en fosfaat (P) om houtvorming aan te help. Takke begin verdik en waar bedrading begin insny, moet dit ontspan of verwyder word.



Hou 'n oog op peste soos plantluise, ruspes en witvlieë wat nou aktief is en behandel vroegtydig. Moet nie die toediening van chemikalieë oordoen nie. Volg altyd die vervaardigers se instruksies en wees bedag daarop dat plante in klein houers makliker spanning ervaar as plante wat nie in potte groei nie.



Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Januarie	29	18	8	14	101-200mm
Februarie	28	17	8	11	61-100mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Francois van As

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Security at our places of living is becoming more and more important. One way to make our homes secure is to leave lights on during hours of darkness. These lights however use electricity, which cost money and contribute to pollution as electricity is generated by coal powered plants.

There are very good and reliable **solar powered lights** on the market nowadays. Investigate these, as they will save you money in the long run and help the environment.



Inspirasie uit die natuur



Hierdie is vermoedelik 'n Kameeldoring (*Vachellia erioloba*). Die boom is in die Sesriem omgewing in Namibië afgeneem deur Arra de Beer. Kameeldoring word in die algemeen nie gesien as geskik vir bonsai nie. 'n Alleenstaande boom in die natuur wys meestal hoe 'n boom groei sonder baie invloede deur ander faktore, en kan die vorm maar nageboots word in bonsai omdat dit baie natuurlik is.

REKLAME


ROBINSON & KRUGER
 — PROKUREURS / ATTORNEYS —
 SINCE 1995
 BOEDELBEREDDERS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
 TRANSPORTBESORERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
 012 332 1770
 CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za



SKOU



Baie geluk aan ons drie wenners met hul mooi bome by die skou.

Bo links: Willie het tweede plek behaal met sy Olien groep.

Links onder: Duvan het derde plek behaal met sy Ficus burtt davyi.

Bo: Org met sy wen boom, 'n Ficus natalensis.

Sorgskedule Seisoen: Season:		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn		
Maand: Month:		Jan	Feb	Mrt Mar	Apr	Mei May		
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth			Berey voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy			
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed				
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
Sorgskedule Seisoen: Season:		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: Month:		Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des Dec
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							